# Kwartaal 2 Formele Assessering Voorbeeld 1

## Halfjaar-eksamen (70 punte)

### AFDELING A

**Vraag 1**

Beantwoord dié veelvoudige keusevrae oor loopbaankategorieë.

1.1 Watter loopbaan sal die beste geskik wees vir iemand wat dit geniet om ander mense te ondersteun en te ontwikkel?
- a. bankier
- b. maatskaplike werker
- c. modeontwerper
- d. musikant (1)

1.2 Watter leervaardighede is die beste geskik vir die ondernemende-loopbaan- kategorie?
- a. organisatories en konsentrasie
- b. luister en kommunikasie
- c. aanbieding en kommunikasie
- d. kreatief en selfmotivering (1)

1.3 Watter van die volgende loopbane sal die beste geskik wees vir jou as jy ’n georganiseerde persoon is wat graag by die reëls hou en ’n vasgestelde plan volg?
- a. bibliotekaris
- b. verpleegkundige
- c. boer
- d. verkoopspersoon (1)

1.4 Watter van die volgende skoolvakke is nie geskik vir die sosiale-loopbaan-kategorie nie?
- a. Geskiedenis
- b. Rekeningkunde
- c. Verbruikerstudie
- d. Wiskunde (1)

1.5 Sosiale behoeftes hou verband met:
- a. misdaad en korrupsie
- b. vaardigheidsontwikkeling
- c. vlak van werkloosheid
- d. al die bogenoemde (1)

**[5]**

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

**Vraag 2**

Pas die loopbaankategorieë by die korrekte vaardighede. Skryf net die letter en die bypassende nommer neer.

| Career category | Skills needed |
|---|---|
| 2.1 Ondersoekend | A. kreatiwiteit, buigsaamheid, selfmotivering |
| | B. ondersteuning en ontwikkeling van ander mense, opleiding van andere, empatie (gee om vir andere) |
| 2.2 Ondernemend | C. kreatiwiteit, leierskap |
| 2.3 Realisties | D. aandag aan detail, noukeurige ondersoek en waarneming, wiskundige en wetenskaplike vermoë |
| 2.4 Kunssinnig | E. knapheid met gereedskap en masjiene, geniet dit om met plante of diere te werk |
| 2.5 Konvensioneel | F. vermoë om in ’n gestruktureerde omgewing te werk, inligting te beplan, te organiseer, te bestuur en te liasseer, duidelike boekhouding |

**[5]**

**Vraag 3**

Vul die ontbrekende woorde in.

1.1 Ekonomiese behoeftes het te doen met die ____a.____ van die land. Dit hou verband met die ____b.____ van die bevolking. Een manier om in ekonomiese behoeftes te voldoen, is om ____c._____ van ander lande te lok. (3)

1.2 Werkloosheid is sowel ’n ____a._____ as ’n ____b._____ probleem. (2)

**[5]**

**Vraag 4**

Stel ’n lys op van jou vier sterkste denkvaardighede en stel ’n geskikte loopbaan voor wat jy kan volg. **[5]**

**Vraag 5**

Noem vyf loopbane wat Suid-Afrika kan help om sosiale en ekonomiese probleme op te los. **[5]**

**Totaal Afdeling A: 25 punte**

## AFDELING B

**Vraag 6**

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae.

*Sindi het die laerskool in ’n landelike omgewing bygewoon waar sy by haar ma gewoon het. Haar ma het verlede jaar gesterf, en sy het stad toe gekom om by haar tante en oom en vyf neefs en niggies te woon. Sy sukkel op skool om te verstaan wat die onderwysers in die klas sê en sommige leerders lag vir haar wanneer sy probeer om vrae te beantwoord. Sindi voel baie ongelukkig en wonder of sy haarself miskien moet doodmaak en weer by haar ma moet wees.*

6.1 Verduidelik waarom Sindi ongelukkig is. (4)

6.2 Beskryf maniere waarop Sindi hulp kan kry, en verduidelik hoe elkeen haar kan help. (6)

**[10]**

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

**Vraag 7**
Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae.

*Jerome vaar baie goed in sport en sy gunstelingvakke is Wiskunde en Kuns. Hy het swak punte in al sy toetse gekry. Hy probeer om te studeer deur sy handboeke en klasaantekeninge te lees en aantekeninge te maak, maar hy word gou verveeld, verloor konsentrasie en dit is moeilik vir hom om stil te sit. Hy sou eerder buite wou wees en sokker met sy vriende speel. Sy ouers is bekommerd dat sy punte dalk nie goed genoeg sal wees om sy droom te bewaarheid om Argitektuur op universiteit te studeer nie.*

7.1 Verduidelik waarom Jerome sukkel om te studeer. Wat kan hy hieraan doen? (4)
7.2 Dink jy sy loopbaankeuse is gepas? Waarom? (3)
**[7]**

**Vraag 8**
Skryf ’n paragraaf wat jou voorkeurleerstyl beskryf. Skryf dan ’n paragraaf wat jou studieplan vir drie van jou vakke in hooftrekke beskryf. **[8]**

**Totaal Afdeling B: 25 punte**

## AFDELING C

**Beantwoord TWEE van die volgende vrae.**

**Vraag 9**
Skryf ’n brief aan jou penmaat uit ’n ander kultuur wat die reëls en waardes oor seksualiteit in jou kultuur verduidelik. Beskryf eers die reëls en waardes en vertel jou maat dan wat jy dink die voordele en nadele van dié reëls en waardes is. **[10]**

**Vraag 10**
Jou maat vra jou raad. Hy of sy is aangetrokke tot iemand in dieselfde klas, maar is baie skaam en weet nie hoe om dié persoon te nader nie. Watter raad sal jy gee om jou maat te help om die moed bymekaar te skraap om met die verhouding te begin? **[10]**

**Vraag 11**
Skryf ’n kort brief oor die kwessie van dwelmmisbruik aan die redakteur van jou plaaslike koerant. Verduidelik in jou eerste paragraaf hoe die media bydra tot die onverantwoordelike gebruik van alkohol en dwelmmiddels, en gee spesifieke voorbeelde. In die tweede paragraaf moet jy verduidelik watter rol jy dink die media moet speel in die bewusmaking van jong mense van die gevare van middelmisbruik. **[10]**

**Totaal Afdeling C: 20 punte**
**Groottotaal: 70 punte**

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

# Kwartaal 2 Formele Assessering
# Voorbeeld 1 Memorandum

## Halfjaar-eksamen (70 punte)

### Afdeling A (25 Punte)

**Vraag 1 (5 punte)**

1.1 b (1)
1.2 c (1)
1.3 a (1)
1.4 b (1)
1.5 d (1)

**Vraag 2 (5 punte)**

2.1 A 4 (1)
2.2 B 3 (1)
2.3 C 5 (1)
2.4 D 1 (1)
2.5 E 6 (1)

**Vraag 3 (5 punte)**

3.1 a. welvaart/rykdom, b. inkomste, c. beleggings (3)
3.2 a. sosiale, b. ekonomiese (2)

**Vraag 4 (5 punte)**

Engie vier denkvaardighede (✓✓✓✓) en ‘n gepaste loopbaan (✓).

**Vraag 5 (5 punte)**

Enige vyf loopbane wat verband hou met sosiale en ekonomiese behoeftes.

### Afdeling B (25 punte)

**Vraag 6 (10 punte)**

6.1 Sy mis haar ma, sy is nie gewoond daaraan om saam met ‘n groot familie te woon nie, sy mis haar vriende, dit is moelik vir haar om aan te pas by die dorpslewe nadat sy gewoond is om in ‘n klein landelike nedersetting te woon. Skoolwerk is moeilik om dat sy sukkel om Engels te verstaan / skoolwerk is moeiliker as by haar vorige skool. (4)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

6.2 Enige drie hulpbronne, en een manier waarop elkeen kan help. Voorbeelde: Die onderwyser: bied ekstra lesse aan; leer haar hoe om sekere tegnieke toe te pas, bv. “positiewe self-praat/self-oorreding”; verwys haar na ‘n berader vir berading/terapie. Klasmaats: nooi haar om by ‘n studiegroep aan te sluit; beskerm haar teen boelies/afknouers. Oom en tannie: praat met haar en vra vir haar of daar iets fout is; help haar om ‘n kerk-leier of maatskaplike werker te nader vir hulp; stel haar voor aan webtuistes of tydskrifte wat van hulp kan wees. (3 × 2 = 6)

**Vraag 7 (7 punte)**

7.1 Jerome gebruik die verkeerde leerstyl: hy is ‘n kinestetiese leerder, maar gebruik slegs ‘n visuele studiemetode. (✓✓) Hy moet eerder metodes gebruik wat vereis dat hy iets doen, bv. om modelle te maak en sy kennis tot werklike/alledaagse situasies toe te pas. (✓✓) (4)

7.2 Argitektuur sal ‘n geskikte loopbaan vir hom wees siende dit prakties is, dit fokus op ruimtelike bewustheid, en die maak van modelle en geboue insluit. (3)

**Vraag 8 (8 punte)**

Paragraaf 1: Leerder se beskrywing van eie leerstyl. (2)

Paragraaf 2: Gepaste studie-benadering vir drie vakke. (3 × 2 = 6)

## Afdeling C (20 punte)

**Leerders moet TWEE van die volgende drie vrae beantwoord.**

**Vraag 9 (10 punte)**

‘n Brief bestaande uit twee paragrawe: Paragraaf 1 beskryf die reëls en waardes rondom seksualiteit in hulle kultuur. Paragraaf 2 handel oor die voor- en nadele van hierdie reëls. Daar met ‘n duidelike konneksie tussen hierdie twee dele wees, en die leerder moet wys dat hy/sy beide die positiewe sowel as die negatiewe aspekte raaksien.

**Vraag 10 (10 punte)**

Sekere punte wat bespreek kan word (sien LB bladsy 38): stel jouself voor en vra die persoon ‘n paar vrae, bv. waar hulle woon, van watter musiek of flieks hulle hou; maak dit duidelik dat jy in die persoon belangstel; indien jy fisies aangetrokke voel tot die persoon, gee eers kans totdat daar respek tussen julle ontwikkel voordat julle
seksueel eksperimenteer; moenie moedeloos voel as jy onsuksesvol is nie.

**Vraag 11 (10 punte)**

‘n Brief bestaande uit twee paragrawe: Paragraaf 1 verduidelik, met voorbeelde, die hoe
die media bydra tot onverantwoordelike alkoholgebruik en dwelmmisbruik. Gee minstens een voorbeeld. Paragraaf 2 verduidelik die rol wat die media behoort te speel in die bewusmaking van jongmense rakende die gevare van dwelmmisbruik.

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

# Kwartaal 3 Formele Assessering

## Projek (70 punte)

Let daarop dat die voorbeeld van Formele Assessering vir die einde van Kwartaal 3 'n projek is. Leerders moet aan die einde van Kwartaal 2 ingelig word oor hierdie projek vir die einde van Kwartaal 3 sodat hulle reeds tydens die Julie-vakansie daaraan kan begin werk. Die projek moet tydens Kwartaal 3 in klastyd voltooi word. Maak seker jy verduidelik die assesseringskriteria vir die taak (sien einde van Kwartaal 3) aan die leerders.

# Kwartaal 2 Formele Assessering Liggaamsopvoedingtaak (LOT)

## Liggaamsopvoedingstaak (30 punte)

- Deelname en bewegingsprestasie sal hierdie kwartaal geassesseer word (sien die rubriek op bladsy 16).
- Gee 'n punt uit 20 vir deelname.
- Merk bewegingsprestasie in teikenspeletjies uit 10 (5 x 2), deur die rubriek op bladsy 16 te gebruik.

# Kwartaal 2 Formele Assessering Voorbeeld 2

## Halfjaar-eksamen (70 punte)

### AFDELING A

**Vraag 1**

Beantwoord die volgende veelvoudige keusevrae oor selfbegrip en motivering.

1.1 Watter faktore beïnvloed selfbegrip en selfmotivering?
  a. media
  b. vriende en portuurgroep
  c. godsdiens en gemeenskap
  d. al die bogenoemde (1)

1.2 Watter aspekte van die omgewing het 'n invloed op selfbeeld?
  a. sosiale, fisiese en ekonomiese omgewing
  b. fisiese, etniese en stedelike omgewing
  c. media, godsdiens en gemeenskap
  d. sosiale en ekonomiese omgewing (1)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

1.3 Wat is ’n voorbeeld van positiewe selfgesprek?
  a. ek moet beter vaar as dít.
  b. só dom is ek nie.
  c. ek is ’n goeie vriend.
  d. ek hou daarvan om saam met my vriende te kuier. (1)

1.4 Wanneer jy iets op jou eie regkry wat jy gedink het te moeilik sou wees, noem ons dit
  a. ’n kompeterende prestasie
  b. positiewe selfgesprek
  c. ’n persoonlike prestasie
  d. ’n vaardigheid (1)

1.5 Wat is persoonlike potensiaal?
  a. ’n vermoë waaroor jy al lankal beskik
  b. ’n vermoë waarop jy kan verbeter of waarvan jy nog nie weet nie
  c. ’n persoonlike doel wat jy bereik het
  d. ’n besluit waarmee jy tevrede is (1)

**[5]**

**Vraag 2**

Is die volgende stelling waar of onwaar?

2.1 Die media beïnvloed jou altyd negatief. (1)
2.2 Jou vriende affekteer jou selfbeeld. (1)
2.3 ’n Gesin moet altyd uit ’n ma, pa en kinders bestaan. (1)
2.4 Kultuur sluit in die oortuigings, stories, liedjies en kuns van ’n spesifieke groep mense. (1)
2.5 Jou kultuur veroorsaak dat jy op ’n sekere manier optree. (1)

**[5]**

**Vraag 3**

Vul die ontbrekende woorde in:

3.1 Jou sosiale omgewing is die ________rondom jou. Jou ekonomiese omgewing is die aantal _________ wat die mense om jou het. Jou fisiese omgewing is waar jy ________. (3)
3.2 _______ prestasie is wanneer iemand ’n wedloop wen. _____ prestasie is wanneer jy beter vaar as wat jy gedink het jy sal. (2)

**[5]**

**Vraag 4**

Maak ’n lys van vyf van jou sterk punte. **[5]**

**Vraag 5**

Maak ’n lys van vyf dinge wat jy wil doen om jou potensiaal te verbeter. **[5]**

**Puntetotaal Afdeling A: 25 punte**

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

## AFDELING B

**Vraag 6**

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae.

*Sheldon het onlangs na 'n nuwe skool verskuif. Hy het gesukkel om maats te maak en was kwaad omdat hy sy tuisdorp moes verlaat en saam met sy ma stad toe moes trek. Sy pa is weg toe hy nog 'n klein seuntjie was en sy ma moes maar werk kry waar sy kon. Hy is dikwels alleen tuis en is hartseer omdat sy pa weg is. Een van die leerders by sy nuwe skool het hom oor die naweek na 'n partytjie genooi. Die leerder het genoem dat daar alkohol en tik by die partytjie gaan wees.*

6.1 Noem drie persoonlike risikofaktore vir dwelmmisbruik wat Sheldon in die gesig staar. (3)

6.2 Verduidelik vier waarskynlike negatiewe gevolge as Sheldon tik by die partytjie sou gebruik. (5)

6.3 Beskryf drie maniere wat Sheldon kan gebruik om dwelmmisbruik te vermy. (3)

**[11]**

**Vraag 7**

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae.

*Ncedisa is iemand wat daarvan hou om ander mense te help en sy hou daarvan om ander mense te ondersteun en te versorg. Sy gee baie aandag aan detail en is begaaf in Wiskunde en Wetenskap. Sy geniet dit om probleme op te los en verkies spanwerk eerder as om op haar eie te werk. Sy kan algemene afleidings maak deur dinge dop te hou en sy oorweeg nie net die feite nie, maar luister na wat haar gevoelens vir haar sê. Sy is baie lief vir dans, maar hou nie van teken en skilder nie. Sy is 'n bietjie lomp en sukkel met fisiese take, selfs al kan sy baie goed dans.*

7.1 Kies twee loopbaankategorieë wat na jou mening die beste by Ncedisa sal pas. (Onthou die kategorieë is Ondersoekend, Ondernemend, Realisties, Kunstig, Konvensioneel en Sosiaal) en verduidelik hoekom jy hierdie twee gekies het. (4)

7.2 Kies twee loopbaankategorieë wat na jou mening die MINSTE by Ncedisa sal pas en verduidelik jou keuse. (4)

**[8]**

**Vraag 8**

Skryf 'n paragraaf van ses sinne waarin jy drie faktore beskryf wat seksualiteit beïnvloed. Sluit positiewe en negatiewe invloede vir elke faktor in. **[6]**

**Puntetotaal Afdeling B: 25 punte**

## AFDELING C

**Beantwoord TWEE vrae in hierdie afdeling.**

**Vraag 9**

Skryf twee paragrawe waarin jy jou persoonlike leerstyl beskryf en gee omskrywings en voorbeelde van dinge wat jou help om doeltreffend te studeer. **[10]**

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

**Vraag 10**
Skryf 'n brief van drie paragrawe aan 'n ouer of maat oor 'n probleem wat jy met die verhouding tussen julle twee het, en sê hoe jy graag die probleem wil oplos. **[10]**

**Vraag 11**
Skryf 'n paragraaf van vier sinne wat twee sosiale kwessies en twee ekonomiese kwessies in jou gemeenskap identifiseer en beskryf. Skryf nou nóg 'n paragraaf waarin jy verduidelik watter soort werk hierdie kwessies sou kon help oplos. **[10]**

**Puntetotaal Afdeling C: 20 punte**

**Groottotaal: 70 punte**

# Kwartaal 2 Formele Assessering Voorbeeld 2 Memorandum

## Halfjaareksamen (70 punte)

### Afdeling A (25 punte)

**Vraag 1 (5 punte)**

1.1 d (1)
1.2 a (1)
1.3 c (1)
1.4 c (1)
1.5 b (1)

**Vraag 2 (5 punte)**

2.1 Onwaar (1)
2.2 Waar (1)
2.3 Onwaar (1)
2.4 Waar (1)
2.5 Onwaar (1)

**Vraag 3 (5 punte)**

3.1 mense, geld, woon (3)
3.2 kompeterende, persoonlike (2)

**Vraag 4 (5 punte)**
Enige vyf sterk punte

**Vraag 5 (5 punte)**
Enige vyf dinge wat leerders se potensiaal kan ontwikkel

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013

## Afdeling B (25 punte)

**Vraag 6 (11 punte)**

6.1 Enige drie van die volgende: hy sukkel om maats te maak, hy is hartseer, hy is kwaad, hy ervaar groepdruk, daar is nie volwassenes wat toesig hou nie. (3)

6.2 Enige vyf negatiewe gevolge van tik – soos verslawing, vel- en tandprobleme, buierigheid, geweld, misdaad, probleme met verhoudings, ensovoorts. (5)

6.3 Enige drie maniere om dwelmmisbruik te vermy – gesonde stokperdjies, beter besluitnemingsvaardighede, beter kommunikasievaardighede, toekomsdrome, nadink oor die gevolge van tik, leer om op ’n besliste en doeltreffende manier “nee” te sê, ensovoorts. (3)

**Vraag 7 (8 punte)**

7.1 Ondersoekend en Sosiaal – haar sterk punte, belangstellings, vermoëns, en denkwyse is vir hierdie loopbaanvelde geskik. Leerders moet voorbeelde verskaf wat verduidelik waarom dit so is. (4)

7.2 Enige twee van die volgende: realisties, kunstig, en konvensioneel – hierdie drie pas nie by haar belangstellings, vermoëns en denkwyse nie. Leerders moet voorbeelde verskaf om dit te verduidelik. (4)

**Vraag 8 (6 punte)**

Enige drie van die faktore wat in die Leerderboek behandel word, met ’n positiewe en ’n negatiewe invloed as voorbeeld vir elk. Faktore wat genoem word, sluit in persoonlike gevoelens, vriende en lede van dieselfde ouderdomsgroep, gesin, geloof, gemeenskap en die media.

## Afdeling C (20 punte)

**Vraag 9 (10 punte)**

Twee paragrawe wat die leerder se persoonlike leerstyle (visueel, ouditief, kineties, lees, ensovoorts.) beskryf, met voorbeelde van hulle studietegnieke. Hierdie tegnieke moet by hulle leerstyl pas.

**Vraag 10 (10 punte)**

’n Brief van drie paragrawe aan ’n ouer of ’n maat waarin jy ’n probleem uiteensit, wat jy met die verhouding het. Die probleem moet ontoepaslike optrede of kwessies rondom onafhanklikheid ensovoorts beskryf. Die deel oor hoe om dit op te los, moet voorbeelde insluit van assertiewe taalgebruik en sleutelfaktore in goeie verhoudings, asook onderhandelingsvaardighede. Taalgebruik moet toepaslik wees en nie tekens van vermetelheid toon en ook nie beskuldigend van aard wees nie.

**Vraag 11 (10 punte)**

’n Paragraaf van vier sinne wat twee sosiale kwessies en twee ekonomiese kwessies in die gemeenskap identifiseer en beskryf. (4)

Nog ’n paragraaf waarin die leerder verduidelik watter soort werk hierdie kwessies sou kon help oplos. Die werk moet elke kwessie onomwonde aanspreek en die leerder moet verduidelik hoe die werk by die genoemde kwessies inskakel. (6)

© Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd 2013